Christene moenie toegee aan swartgalligheid oor die politiek nie

Die NG Kerk moet hom nie in die nuwe Suid-Afrika in 'n individualistiese vroomheid terugtrek nie, skryf ***prof. Willie Jonker*** *in die laaste hoofstuk van sy nuutste boek met die titel* Selfs die kerk kan verander. *Jonker skryf in sy boek oor sy wedervaringe betreffende die NG Kerk en die politiek.*

Die verhaal wat hier vertel is, toon dat selfs die kerk deur Gods genade van standpunt en gesindheid kan verander. Die geskiedenis lê 'n welsprekende getuienis daarvan af dat die kerk in haar oordeel oor konkrete omstandighede allermins onfeilbaar is. Die kerk bestaan uit mense wat selfs as Christene ook hul vooroordele en partydighede het en onbewus daarvan kan wees hoe dit hul oordeel oor konkrete sake skeef trek. Omdat die kerk vir haar standpunte 'n beroep op die Bybel doen, word dit vir haar nog moeiliker as vir ander openbare instansies om eerlik te erken dat sy 'n oordeelsfout gemaak het. Alhoewel Protestante nie soos die Rooms-Katolieke kerk 'n dogma het wat onfeilbaarheid aan bepaalde beslissings van die kerk toeskryf nie, is dit in die praktyk nog ook vir hulle uiters moeilik om te erken dat die kerk gedwaal het en skuld daaroor te bely.

Daarom is dit iets besonders wat in die resente verlede met die NG Kerk gebeur het, dat sy bereid was om te bely dat sy in haar profetiese getuienis oor volkereverhoudings en haar verstaan van die eenheid van die kerk op 'n verkeerde weg was. Dit openbaar dat daar deur Gods genade 'n ingrypende verandering in die denke en gesindheid van die kerk gekom het en bewys dat *selfs die kerk haar kan bekeer.*

Dit beteken egter nie dat die weg vorentoe vir die kerk maklik sal wees nie. Dit is selfs nie sonder meer duidelik wat dié weg presies moet wees nie. Die politieke oorgang in die land het meegebring dat die kerk vir haarself helderheid moet kry oor die rol wat sy in die nuwe bedeling moet speel. Wat die kerk nie mag doen nie, is om uit skaamte oor haar foute van die verlede haarself aan die openbare lewe te onttrek en haar profetiese roeping op die breë terrein van die samelewing te verwaarloos. Dit sal tragies wees as die kerk aan haar gereformeerde karakter ontrou word en haar in 'n wêreldvreemde entoesiastiese en individualistiese vroomheid terug sou trek. Daar is geen ander instansie wat die leemte kan vul wat gelaat word as die kerk haar profetiese roeping verwaarloos en nie meer op grond van haar insig in die Skrif die lig van Gods Woord op die probleme van die samelewing laat val nie.

Die kerk sal van nuuts af moet leer hoe om dit te doen, noudat sy nie meer daarop kan reken dat sy die oor van die regeerders het, of dat 'n bepaalde Christelike tradisie die ordening van die openbare lewe sal beïnvloed nie. Daar was 'n tyd toe Suid-Afrika op grond van statistieke as 'n Christelike land beskou is, maar dit moet tans bevraagteken word. Die amptelike posisie van dié nuwe staat is dié van godsdienstige neutraliteit. Godsdienstige geloof is iets van die Skrif word humanistiese oorwegings die maatstaf waaraan die moraliteit in die politiek en

samelewing gemeet word. Omdat die isolasie van die verlede opgehef is, word die samelewing tans blootgestel aan die volle geweld van die Westerse sekularisme. Christelike norme word as iets beskou wat in die persoonlike sfeer of hoogtens in 'n spesifieke groepsverband betekenis het.

Namate die remmende faktore van die verlede uit die samelewing verdwyn, neem die verwildering toe. Dit word geïllustreer deur die vlak van misdaad en geweld. Suid-Afrika het 'n gewelddadige en onveilige land geword. Mense word goedsmoeds doodgeskiet om 'n motor te kan kaap of enkele artikels te steel. Selfs die eens rustige en veilige platteland het uiters gevaarlik geword. Boere en hul gesinne word vermoor. Dit skep angs en onsekerheid. Die droom van 'n reënboognasie wat in vrede en veiligheid lewe, is tot dusver nog nie bewaarheid nie. Talle bekwame jong mense emigreer, omdat hulle geen vertroue meer in die toekoms van die land het nie.

Hoe moet blanke Christene oor hierdie dinge oordeel? Moet hulle die hele politieke oorgang as 'n ramp sien wat nooit moes plaasgevind het nie? Moet hulle toegee aan negatiewe gevoelens en diegene wat daaraan meegewerk het as verraaiers beskou? Dit wil soms voorkom asof daar 'n kollektiewe swartgalligheid by groot groepe lidmate van die kerk aanwesig is. Dit word ongelukkig versterk deur die bewuswording van die afgrondelike armoede en ellende van groot groepe van die landsbevolking, asook van korrupsie en verval op verskillende terreine en van die kollektiewe onmag om daaraan te ontkom om maar net nóg 'n Afrika staat te word.

Maar as hulle aan hul belydenis as Christene getrou wil bly, het hulle geen ander keuse nie as om ook in hierdie uiters moeilike situasie positief te bly en gelowig die uitdaging te aanvaar waarvoor hulle tans gestel word. Dit kan al baie help as hulle hul afvra wat die alternatief vir 'n politieke skikking sou gewees het. Selfs belangriker as die praktiese vraag of dit vir die blankes moontlik

'Hoe moet blanke Christene oor hierdie dinge oordeel? Moet hulle die hele politieke oorgang as 'n ramp sien wat nooit moes plaasgevind het nie?'

sou gewees het om nog veel langer die politieke situasie te hanteer, is die morele vraag of dit reg sou gewees het om dit te doen. Daarop kan die antwoord onmoontlik nie positief wees nie. En al was dit alleen om hierdie rede, sal aanvaar moet word dat die oorgang vanuit 'n Christelike standpunt gesien die beste was sou gewees het om nog veel langer die politieke situasie te hanteer, is die morele vraag of dit reg sou gewees het om dit te doen. Daarop kan die antwoord onmoontlik nie positief wees nie. En al was dit alleen om hierdie rede, sal aanvaar moet word dat die oorgang vanuit 'n Christelike standpunt gesien die beste was wat onder die omstandighede gedoen kon word, omdat dit moreel reg was. En dit is in laaste instansie die deurslaggewende oorweging.

Miskien sal hierdie moeiliker tye ook die gunstige uitwerking hê dat alle Christene nader aan mekaar sal kom en dat spesifiek ook die lang vertraagde eenheid van die kerke van die NG familie 'n werklikheid sal word. Dit sal jammer wees as die kerke om allerlei redes hierdie gunstige uur verby laat gaan.

Waar die stryd in die afgelope veertig jaar hoofsaaklik om die deurbreking van die volkskerkkarakter van die NG Kerk gegaan het, sal dit in die volgende dekades waarskynlik om die uitbouing van die eenheid van die NG familie van kerke gaan, sowel as om die bewaring van die gereformeerde karakter van hierdie kerke en hulle profetiese roeping in die samelewing.

● *Selfs die kerk kan verander* is pas deur Tafelberg Uitgewers gepubliseer.